SAKE 24 (Beeld)
12 Mar 2013, p.17

KITSBANKE

Feestydhoofpyn bly pla

Suid-Afrikaners het in Februarie minder kontant by kitsbanke getrek as wat verwag is.

Spark ATM Systems, 'n onafhanklike verskaffer van kitsbanke, sê volgens sy Spark-kontantindeks het verbruikers gemiddeld R443,56 kontant per transaksie getrek by meer as 2 000 kitsbanke.

Ander onafhanklike kitsbankverskaffers en die banke se kitsbanke is nie hierby ingesluit nie.

Februarie se onttrekkingswaarde was 0,69% hoër as in Januarie, toe die onttrekkingswaarde met 9,17% geval het vanaf Desember 2012.

Volgens Russel Berman, verkoopsdirekteur van Spark ATM Systems, is dit 'n aanduiding dat verbruikers steeds onder finansiële druk is ná die feestyd.

Ronel Oberholzer, hoofekonoom by IHS Global Insight, sê hoewel die indeks 'n betekenisvolle jaar-op-jaar-groei van 7,71% vir Februarie toon, is dit nie noodwendig 'n teken dat verbruikers in 'n beter finansiële posisie as 'n jaar gelede is nie.

Berman sê 'n aansienlike maand-op-maand-styging kan in Maart 2013 verwag word vanweë die Paasnaweek en skoolvakansie, wanneer baie verbruikers meer bestee op vermaak en reis.

Die hoogste kontantonttrekkingswaarde per transaksie was by kitsbanke by grootmaathandelaars op R451,79 en verteenwoordig 'n maand-tot-maand-groei van 1,35%. Vulstasies het die tweede hoogste gemiddelde onttrekking van R445,31 gehad. Dit is gevolg deur die kleinhandel (R432,20).

Die gemiddelde kontantonttrekking in die Oos-Kaap was die tweede opeenvolgende maand die hoogste op R467,44, gevolg deur Mpumalanga (R459,89) en KwaZulu-Natal (R458,60).

Oberholzer sê huishoudings in dié provinsies is die grootste ontvangers van geld wat van werkende familielede in metro-gebiede huis toe gestuur word.